

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Parashah 41: Pinchas (פינחס) – Pinehas

יהוה *het met Moshe gepraat en gesê: “Pingas, die seun van El’azar, die seun van Aharon, die priester, het My wraak van die kinders van Yisra’el af weggedraai, deurdat hy met My jaloesie onder hulle jaloers was sodat Ek nie die kinders van Yisra’el verteer het in My jaloesie nie.* Num. 25:10 en 11 – PWL¹

Torah: Num. 25:10 tot 30:1

Haftorah: 1 Kon. 18:46 tot 19:21

Hernieuwe Verbond: 2 Kor. 11:2; 2 Pet. 2:12 tot 22; Matth. 5:5 en Open. 5:10; Gal. 3:28; 1 Tim. 3:2 tot 7; 5:22; Rom. 12:1.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 41 wat afgelaai kan word by: [Parashah41Notas14](#) of deur dit aan te vra by kontak@nuwelied.info.

Indien jy slegs kan getuig oor hoe goed die kerk jou laat voel, en nie kan getuig oor Skrifverklarings (eksegese) of oor lering van eindtydgebeure (eskatologie) nie, dan is jy in die verkeerde kerk!!

The further a society drifts from the truth, the more it will hate those that speak it – Anonymous.

World political leaders say: Peace will bring security, but Israel say: Security will bring peace.

Midrash (Torah Bespreking)

In Die Midde Van Sonde Geen Vrede Nie!

Ons vorige Torahskriflesing het geëindig waar Israel by Sittim betrokke geraak het in hoerery en afgodery deur met die dogters van die Moabiete te vermeng. Toe Simri, die owerste van 'n familie van die Simeoniete openlik onsedelik handel met Kosbi, 'n Medianitiese prinses, het Pinehas, die kleinseun van Aäron, beide met 'n spies deurboor!

Let op, een van die manne van Yisra’el het gekom en 'n vrou van Midyan tussen sy volksgenote ingebring, voor die oë van Moshe en voor die oë van die hele vergadering van die seuns van Yisra’el terwyl hulle huil voor die ingang van die Tent van Ontmoeting. Toe Pingas, die seun van El’azar, die seun van Aharon, die priester, dit sien, het hy uit die

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch:

vergadering uit opgestaan en 'n spies in sy hand gevat, agter die man van Yisra'el aan in die tent ingegaan en hulle altwee deurboor, die man van Yisra'el en die vrou, deur die liggaam. So is die plaag onder die seuns van Yisra'el gestop. Die wat in die plaag gesterf het, was vier en twintig duisend (24,000). Num. 25:7 tot 9 – PWL.

Pinehas het doelgerig opgetree om sonde, naamlik die oortreding van Torah, uit te roei!

Studentevolgelinge (dissipels) van Yeshua kan nooit passief teenoor sonde wees nie. Nee, dit vereis dat ons die sonde aan die lig sal bring en 'n daadwerklike poging sal aanwend om dit stop te sit! Ja, ons moet optree teen sonde, al is ons nie direk deel daarvan nie! 'n Wil-nie-betrokke-raak-houding en 'n sal-nie-oordeel-houding getuig van geestelike ruggraatloosheid!

Ons leef in tye waar diegene wat Torah-gehoorsaam lewe, en wat openlik standpunt teen sonde inneem, toenemend as 'n krimineel gebrandmerk word. Dink maar aan wetgewing waar byvoorbeeld die anti-Torah seksuele voorkeure van mense (LGBT: Lesbiese-Biseksuele-Gay-Tranvestiet-voorkeure) veroordeel word as diskriminasie en haatspraak wat reeds in verskeie lande met die wet strafbaar is!! So het Ierland ook onlangs by wyse van 'n referendum YHVH se Torah verwerp deur ten gunste van 'same-sex-marriages' te stem! Weiering om persone van die dieselfde geslag in die huwelik te bevestig is nou oortreding van die landswet. En openlike veroordeling van die LGBT-lewenstyl word as haatspraak gereken!

Om openlik standpunt teen sonde in te neem is dus deesdae 'n uitdaging waarvoor weinig Christen geestelike leiers, en uiteraard gelowiges, kans sien. MAAR onthou:

To be passive in the face of challenges, whether great or small, is to abdicate our role in YHVH's creation, to remove from our heads the crown that He placed upon us: the crown of responsibility – Rabbi Yitzchak Reuven.

Pinehas het 'n groot risiko geneem deur die 'wet in eie hande te neem nie'. Hy het nie Moses of die leierskap gevra nie, maar die uittartende Torah-loosheid van Simri, die seun van Salu, 'n owerste van die familie van die Simeoniete, het Pinehas as te ware tot hierdie geweldadige optrede gedwing. En onthou: Pinehas het deur een enkele optrede die plaag onder Israel gestop (Num. 25:7 en 8)!!

Toe Pingas, die seun van El'azar, die seun van Aharon, die priester, dit sien, het hy uit die vergadering uit opgestaan en 'n spies in sy hand gevat, agter die man van Yisra'el aan in die tent ingegaan en hulle altwee deurboor, die man van Yisra'el en die vrou, deur die liggaam. So is die plaag onder die seuns van Yisra'el gestop (PWL).

Ons moet ingesteld wees om pro-aktief teen sonde op te tree, naamlik voorkomend en as 'n koninklike priesterdom wat sonder huiwering bereid is om die sondeplaag (Torahloosheid) te stop. Indien ons dit nie doen nie, sal ons nie YHVH se vrede deelagtig wees nie. En sonder YHVH se vrede sal ons nie ons Vader se beskerming, beveiliging en geborgenheid ondervind nie! Waar sonde heers, sal YHVH se vrede afwesig wees!

Peace can only be maintained when we are at peace with God. Pinchas restored that Peace. What Pinchas did may not have been peaceful, but it restored Peace. Rabbi Shimshon Raphael Hirsch.

Our conception of peace is very much mistaken. What Pinchas did, fighting evil on God's behalf, was itself peaceful. Fighting is not inherently evil; it depends what the fight is about!
– Rabbi Zev Leff.

As Pinchas taught us, sometimes an act of violence promotes peace – Rabbi Yaakov Menken

Pinehas is ons voorbeeld en aansporing om met die jaloesie (die ywer) van YHVH jaloers (ywerig) op te tree tussen ons geliefdes en in ons gemeenskap in die mate dat ons nie sonde sal duld nie!! Die versoeking om te sondig is 'n uitdaging om te sien hoe ons gaan reageer!

יהוה *het met Moshe gepraat en gesê: “Pingas, die seun van El'azar, die seun van Aharon, die priester, het My wraak van die seuns van Yisra'el af weggedraai, deurdad hy met My jaloesie onder hulle jaloers was sodat Ek nie die seuns van Yisra'el verteer het in My jaloesie nie.*

Num. 25:10 en 11 – PWL.

Die optrede van Pinehas het tot gevolg gehad dat YHVH hom 'beloon' het met 'n ewige vredesverbond; vir hom en vir sy nageslag:

'Let op, Ek gee vir hom My Verbond van vrede; dit sal vir hom en sy nageslag ná hom die verbond wees van 'n ewige priesterskap omdat hy jaloers was vir sy God en toedekking vir die seuns van Yisra'el gedoen het. Num. 25:12 en 13 – PWL.

In Mal. 2:5 tot 7 lees ons ook van hierdie vredesverbond met die Levietise priesterorde toe die profeet Maleagi aan Israel gesê het:

“My verbond met hom was lewe en vrede en Ek het dié aan hom gegee tot respekvolle vrees; so het hy My respekvol gevrees en in ontsag vir My Naam (Karakter en Outoriteit) gestaan. Ware instruksie was in sy mond en partydigheid en onreg is nie op sy lippe gevind nie; hy het in vrede en opregtheid saam met My geloop en hy het baie mense teruggedraai van onregverdigheid af, want die lippe van 'n priester moet kennis bewaar en mense moet instruksie uit sy mond soek, want hy is die boodskapper van יהוה-Tzva'ot. (PWL).

Maar dan profeteer Maleagi en kla die priesterorde van Levi aan dat hulle van die pad afgewyk het en baie laat struikel het:

Julle het egter van die pad afgewyk, julle het baie deur die instruksies laat struikel; julle het die verbond met Levi korrup gemaak,” sê יהוה-Tzva'ot. “So het Ek julle ook veragtelik en vernederd voor al die mense gemaak, net soos julle nie My lewenswyse hou nie, maar partydigheid wys deur die instruksies.” Mal. 2:8 en 9 – PWL.

Van watter weg (pad) het die Levitiese priesterorde afgewyk en deur watter instruksie (onderrig) het hulle baie laat struikel? Hulle het afgewyk van die weg wat na Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias verwys. Soos Yeshua self gesê het:

Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.
Joh. 14:6

Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. Joh. 5:46.

Die Levitiese priesterorde het versuim om die volk te onderrig dat Yeshua die Messias is en het sodoende baie tot struikeling gebring! Op die wyse het hulle die verbond met Levi korrup gemaak!

Daarom het hierdie vredesverbond oorgegaan vanaf die Levitiese orde na die Melgisedek priesterorde! Yeshua is Koning en Ewige Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek, en daarom is ons deur ons vertrouwe in Yeshua 'n koninklike priesterdom (1 Pet. 2:9). Messias Yeshua is ons vredesverbond! Dit is ons 'beloning' vir ons ywer vir YHVH!

want 'n jong Seun is vir ons gebore, 'n Seun is vir ons gegee; die regering sal op Sy skouers rus; Sy Naam (Karakter en Outoriteit) word genoem: Wonderlike Raadgewer, Magtige God, Ewige Prins van Vrede. Daar sal geen einde wees aan die vermeerdering van Sy regering en van Sy vrede, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, nie; om dit te bevestig en dit in stand te hou met regverdigheid, onpartydige opregtheid, van toe af aan en vir ewig. Die ywer van יהוה-Tzva 'ot sal dit uitvoer. Jes. 9:6 en 7 – PWL.

Die voorwaarde van die vredesverbond is gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies. Die seën van die vredesverbond is die ewige lewe en die vrede van YHVH in Yeshua wat alle verstand te bowe gaan.

Wees oor niks bekommerd nie, maar maak julle begeertes elke keer deur gebed, versoeke en danksegging by God bekend en die vrede, vergenoegdheid, gesondheid en voorspoed van God, Hy wat ver bo alle kennis en begrip is, sal julle gedagtes, wil, emosie en julle begrip beskerm in eenheid met Yeshua, Die Gesalfde Een. Fil. 4:6 en 7 – PWL.

As 'n koninkryk van priesteres van die Melgisedekorde is ons taak ondermeer ook om YHVH se grimmigheid van Sy uitverkore volk af te wend en vir die doel gebruik ons die swaard van die Torah-Woord (Efes. 6:17; Heb. 4:12). Ons kan ook soos 'n Pinehas die sondeplaag (wat die dood van baie tot gevolg het) onder die kinders van Israel stop!

Die aflegging en verwydering van sonde uit ons persoonlike lewe en uit die samelewing is die waarborg van YHVH se vrede!

Bepeins of Bespreek:

1. *Losing my life does not scare me! However, wasting my life does scare me!* Is 'n passiewe koninklike priester nie 'n vermorsing van tyd en van geleentheid nie? Talle Moslems is bereid om te sterf vir wat hulle glo, terwyl die meerderheid Christene nie bereid is om te lewe vir wat hulle glo nie! Moslems is bereid om vir die leuen te sterf en Christene is te bang om proaktief vir die waarheid te leef, en nog minder daarvoor te sterf! *Are there not millions of us who would rather go sleeping to hell; than sweating to heaven?* – Thomas Watson.
2. *There are three types of people: Those who make things happen, those who watch things happen ... and those who ask, "What happened?"* Pinehas het dinge maak gebeur! Deel van watter groep is jy? Wat het jy onlangs gedoen waar jy met die jaloesie (ywer) van YHVH met jaloersheid opgetree het? Was daar dinge (vrees, eie belange, ter wille van... of swak selfbeeld) wat jou weerhou het om soos 'n Pinehas op te tree? *If we are to better the future we must disturb the present* – Catherine Booth.
3. Torah-gehoorsaamheid kan as ywer vir YHVH beskou word. Vader-God begeer met jaloersheid dat Sy kinders met ywer volgens Sy onderrig en instruksies moet lewe. Hierdie ywer vir YHVH beteken dikwels dat jy 'n vreemde vir jou familie en vriende word (Ps. 69:9 en 10). Het jy dit al ondervind en wat sou die rede hiervoor wees? Is die antwoord die volgende woorde van George Orwell: *During times of universal deceit, telling the truth becomes a revolutionary act!*

4. Ywerige Torah-gehoorsaamheid vereis daadwerklike (drastiese) optrede, maar dit gaan dikwels gepaard met ‘n duur prys van verwerping deur, en selfs vyandskap met, geliefdes en vriende!! Is dit wat Yeshua bedoel het in Matt. 10:34 en 35?
5. Ywer (*אָנָה* – *qana*) beteken *vurig en geesdriftig*. Dit kan ook beskryf word as *aktiewe entoetiesme* en as *passie (hartstog; passion)*. Maar *qana* beteken ook *geregverdigde verontwaardiging*, naamlik die reg om verontwaardig te wees – ‘n verontwaardiging wat as jaloersheid beskryf kan word! Is dit wat die betekenis van *warm* volgens Open. 3:15 en 16 behels?

Misplaaste Ywer Vir YHVH

Voor Paulus se bekering op die pad na Damaskus (Hand. 9:1 tot 19) het hy ook met ‘n Pinehas-tipe ywer die volgelinge van Yeshua, naamlik die mense van die Weg, vervolg. In sy eie woorde beskryf hy hierdie ywer soos volg:

Ek is 'n Jood, gebore in Tarsus van Silicia, maar het groot geword in hierdie stad, opgevoed aan die voete van Gamali'el, streng volgens die wette (instruksies) van ons vaders. Ywerig vir God, net soos julle almal vandag is; wat hierdie manier van lewe vervolg het tot die dood toe en manne, asook vroue, geboei en aan tronke oorgegee het, soos ook die hoofpriester en die hele raad van oudstes my getuies is, van wie ek ook briewe aan die broers in Dammesek ontvang het sodat ek ook daar, dié wat daar was, geboeid na Yerushalayim kon bring sodat hulle met die dood gestraf kon word. Hand. 22:3 tot 5 – PWL.

Ek is besny op die agtste dag, uit die geslag van Israel, uit die stam van Benjamin, 'n Hebreër uit die Hebreërs; wat die wet betref, 'n Fariseër; wat ywer betref, 'n vervolger van die gemeente; wat die geregtigheid in die wet betref, onberispelik. Fil. 3:5 en 6

Paulus dien dus as voorbeeld dat ons ywer vir YHVH ‘n misplaaste – ‘n verkeerdgerigte – ywer kan wees! Die les wat ons hieruit moet leer is om eerder soos Yeshua ‘n ywer vir die huis (die huishouding) van YHVH te hê en ook vir die wil van die Vader.

Sy (Yeshua se) studentevolgelinge het egter onthou dat daar geskrywe is: “Die ywer vir U huis het My verteer.” Joh. 2:17 – PWL.

Yeshua sê vir hulle: “My persoonlike kos is om die wil te doen van Hóm wat My gestuur het en om Sy werk te voltooi. Joh. 4:34 – PWL.

Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het. Joh. 6:38

Soos die gelowiges in Jerusalem moet ons ywer nie met geweld gepaardgaan nie, maar moet ons ywerig vir Torah wees:

Toe hulle dit hoor, het hulle God geloof en vir hom gesê: “Jy sien, broer, hoeveel tienduisendtalle Jode daar is wat tot vertrouwe gekom het en almal is ywerig vir die wet. Hand. 21:20.

Geloofsoortuiging is soos ‘n swaard met twee snykante. Aan die een kant is vertrouwe in YHVH Yeshua, wat met Torah-gehoorsaamheid gepaardgaan, die smal weg na die ewige lewe. Dit bring vreugde, vrede, seëninge en gee betekenis aan ons bestaan hier op aarde. Maar aan die ander snykant kan geloofsoortuiging ‘n bron van tweedrag, vyandskap en haat

tussen mense word. Iemand met ywer (passie) vir sy geloofsoortuiging wil graag hê dat ander sy sienswyse moet deel. Indien sy oortuiging egter bevraagteken word, kan dit gebeur dat die persoon met ywerige geloofsoortuiging verdedigend en vyandig begin optree en dit kan selfs intimidasie en geweld insluit! So 'n persoon sal sy optrede regverdig omrede hy glo, net soos Paulus, dat hy op die wyse sy ywer vir God bewys! Hierdie is egter nie die betekenis van die ywer van Pinehas nie, maar wel misplaaste ywer! Dit is om eie geregtigheid op te rig, want so 'n persoon ken nie God se geregtigheid nie! Pinehas se ywer is nie 'n aansporing tot geweld nie!

Ons moet ywerig vir die Waarheid volgens YHVH se Woord wees, maar ons moet hierdie waarheid in liefde verkondig. Indien dit dan wel vyandigheid deur die hoorder tot gevolg het, dan is ons nie die oorsaak daarvan nie, maar wel die feit dat so 'n persoon nie die waarheid wil hoor nie. Die waarheid ontketen dikwels vyandigheid by die wat verblind en mislei is.

The further a society drifts from the truth, the more it will hate those that speak it –
Anonymous.

Ons moet ywerig oorlog voer teen ons eie vlees, terwyl ons ywerig moet wees in gehoorsaamheid aan Vader en in goeie werke. Onthou: Yeshua het Homself in ons plek gegee om ons los te koop uit alle oortredings van die Torah en om vir Homself 'n nuwe volk te reinig, wat ywerig is in goeie dade (Titus 2:14).

Bepeins of Bespreek

1. Die geskiedenis is die bewys van die menslike lyding wat deur misplaaste ywer vir God veroorsaak was. Enkele voorbeelde is die kruistogte van die Rooms Katolieke Kerk en Hitler se Jodehaat. Hierdie onderstreep die gevaar van eie geregtigheid wat opgerig word, omrede YHVH se gergetigheid nie geken was nie. In die Afgesonderde Skrifte is daar talle sulke voorbeelde. Kan jy enkele voorbeelde noem? Lees ook wat Paulus in Rom. 10:1 tot 3 aangaande sy volksgenote sê. Geld dit nog steeds vandag vir die Jode wat vasgevang is deur Rabbynse Judaïsme?

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.